

ABSA KKNK 2011 Feesprogram 2 – 9 April

FEESGIDS

Die amptelike Absa KKNK 2011-feesgids sal teen einde Maart by die feeskantoor in Oudtshoorn asook tydens die fees beskikbaar wees. Die volkleur-feesgids – met uitgebreide inligting oor al die produksies en verskeie gratis aanbiedings, die dagprogram en 'n roetkaart – sal teen R20 (BTW ingesluit) elk verkoop word.

KONTAK ONS

ABSA KKNK

Derde vloer, Seppie Greeff-gebou,
Voortrekkerweg, Oudtshoorn,
Wes-Kaap

Tel 044 203 8600

Faks 044 272 7773

E-pos info@kknk.co.za

www.absakknk.co.za

Facebook [facebook.com/AbsaKKNK](https://www.facebook.com/AbsaKKNK)

Twitter twitter.com/AbsaKKNK

VOORWOORD

Die bekoorlike Klein Karoo: weer 'n uitsonderlike bymekaarkomplek vir die kunste

Die Klein Karoo word binnekort letterlik en figuurlik weer 'n skilderdoek en verhoog vir een van Suid-Afrika se leidende kunstebyeenkomste. Die Absa KKNK bied in sy 17de jaar 'n oorgloed voortreflike ervaringe in die kunste, vermaak en ontspanning in en rondom Oudtshoorn. Daar is byna 80 produksies of uitvoerings waarvan 'n groot gedeelte vir die eerste keer hier op die planke gebring word, straatteater, uitstekende visuele kunsuitstallings, kinderteaater én woordkuns. Ons uitsonderlike program van buiteligtervarings, *Oudtshoorn Oraloor*, is in 2009 met groot welslae op toneelgebied ontvang en in 2010 na dansteater uitgebrei. Vanjaar vind dié komponent van die feesprogram in elke genre (teater, dans, musiek, visuele kuns en woordkuns) gestalte. Lees ook tesame met die opwindende produksiebeskrywings meer oor ons nuwe Kunstewartier (bl. 13) asook die eerste Karoo Krioel-uitstappies (bl. 11). Ons nuwe tuiste vir visuele en

crossover-teater, *Iets Anders* (bl. 1), belowe feesgangers een na die ander artistieke gewaarwording.

Daarbenewens is daar natuurlik die fees se kenmerkende gesellige atmosfeer met volop kuintente waar 'n mens deur honderde musikante vermaak word. 'n Geïntegreerde dagkaartjie bied weer toegang tot feitlik al die musiekverhoë (Huisgenoot Musiekplaas se Dagverhoog, Die Burger-verhoog, die Kuintuin en die MK-rock-sessies). Vanjaar sluit ons Rivierbuurt 'n sprankelende nuwe verhoog in met 'n aandprogram wat Motown, soul, R&B asook Kaapsgebroude klanke aanbied. Dit belooft om een gesellige kuierplek te word.

Of jou feeservaring in die teaters en galerye sy vesting vind, of in die kuierplekke, of in die sprankelende geesdrif op straat, die fees sal vir jou soveel meer bied. Lees gerus meer by www.absakknk.co.za. Ons kan nie wag om jou te verwelkom nie.

BRETT PYPER, Uitvoerende Hoof

KLASSIFIKASIE

Taal (T) | Geweld (G) | Seks (S)
Naaktheid (N) Vooroordeel (V)
Diviniteit (D) Ouerbegeleiding (OB)

MORE THAN AFRIKAANS

If I don't understand Afrikaans (or just a little), what does the festival offer me? Though the Absa KKNK remains the première South African festival for theatre and music in Afrikaans, our programme offers much theatre, music, dance and visual art that is accessible to a wider audience. Please visit our website at www.absakknk.co.za and click on "More than Afrikaans" for details.

IETS ANDERS

By vanjaar se fees kan jy uitsien na snykant-toneelspel wat deur middel van beelde, maskers, poppe, innoverende ontwerp en sakke vol verbeelding verby taalgrense heen boeiende en aangrypende teater waarborg. Verwag dit en meer – maar beslis iets superskeppends – by *Iets Anders*, ons nuwe *crossover*-teatervenue in die Suid-Kaap Kollege-saal met 'n puik program wat die volgende produksies insluit (sien volledige programinligting onder toneel):

- * Hoedens (bl. 3)
- * London Road (bl. 4)
- * ...miskien (bl. 4)
- * Drome van jou (bl. 2)
- * Rumpsteak (bl. 4)

Hierdie program is onderhewig aan veranderings. Hou die webblad van die Absa KKNK dop vir veranderings.

KAARTJIE- VERKOPE

Kaartjieverkope open op 31 Januarie 2011. Kaartjies is beskikbaar by Computicket-takke, aanlyn by www.computicket.com, by Shoprite/Checkers of deur die Computicket *Call Centre* te skakel by 083 915 8000 of 011 340 8000. Die Absa KKNK-kaartjieskantoor open op 1 April 2011 in die Rembrandtsaal van die CP Nel Museum. Besoek www.absakknk.co.za vir meer inligting oor kaartjieverkope en afslag vir groepe.

TONEEL

Agterplaas

DEBUUT WOORDFEES-KOPRODUKSIE DRAMA

Afr. Geen o/14

Teks en regie: *Charles J. Fourie*
Met Deon Lotz, Deidre Wolhuter, Lanel van der Kolf, Charles van den Heever, Jan Hendrik Opperman en Esther von Waltzleben
Moontlik gemaak deur die NLDTF

Agterplaas is nie iets van die verlede nie; dis hier en nou. Dis Die Antwoord en Jack Parow met Angus Buchan opgeklits. Dis *sad* en dis *funny*, dis deluxe teater. Dié stuk gee nuwe definisie aan buiteligteater. 'n Oudtshoorn Oraloor-aanbieding.

80 min. R95 Tamatiestoer
2 April 20:30 3 April 18:30
4 April 20:30 5 April 18:30
6 April 20:30 7 April 20:30
8 April 20:30

Amper

DEBUUT AKSIEKOMEDIE

Afr. Geen o/16 (T)

Teks en regie: *Chris Vorster*
Met Ben Kruger, Hennie Jacobs en Christel van den Bergh

Paul is 'n skrywer wat deesdae beter drink as wat hy skryf. Sy uitgewer soek 'n snaakse boek, maar Paul is nie meer lus vir snaakswees nie. Gelukkig kry Paul 'n idee ... 'n aksie-hygroman!

80 min. R95 Gimsaal
2 April 11:00 3 April 14:00
3 April 17:00 4 April 15:00
5 April 14:00

As ek maar geweeet het

KOMEDIE-DRAMA

Afr. OB

Regie: Casper de Vries

Teks: Hennie Aucamp en Shaleen

Surtie-Richards

Met Shaleen Surtie-Richards

Shaleen Surtie-Richards is terug met 'n solovertoning waarvan die eenvoud 'n mens aan die hart gryp.

60 min. R95 kykNET Hoërskoolsaal
4 April 20:30 5 April 09:30
6 April 15:00 7 April 18:00
8 April 16:00 9 April 12:30

Bloemers & Roemers 2

DEBUUT

IMPROVISASIE-KOMEDIE

Afr. Volwasse

Regie: Marion Holm

Met Karen Zoid, Shaleen Surtie-

Richards, Marion Holm, Diaan

Lawrenson en ander

Ná die groot sukses van *Bloemers & Roemers 1* is hierdie lekker improvisasie-komedie terug op die verhoog, dié keer met 'n paar gaste soos Neels van Jaarsveld en ander beroendes en berugtes by die fees.

65 min. R105 Gimsaal
2 April 15:00 3 April 20:30
4 April 11:00 7 April 14:00
8 April 12:30 9 April 19:00

Bullets over Bishop Lavis

DEBUUT

DRAMA

Afr. en Eng. Geen o/12 (T) (G)

Teks: Christo Davids

Regie: Jody Abrahams

Met Abduragmaan Adams, Erica Wessels, Bronwyn van Graan en Grant Powel

Bishop Lavis, Cape Flats – 'n gemeenskap bekend vir misdaad,

dwelms en *gangsters*. Ronnie droom van graadvang, maar een aand vind daar 'n skietery plaas wat alles verander.

60 min. R85 Griesselsaal
5 April 10:00 6 April 16:00
7 April 15:00 8 April 10:00
9 April 15:00

Bye Ma, Jaypee

DEBUUT

KOMEDIE

Afr. OB Gesin

Regie: Margit Meyer-Rödenbeck

Met Gavin van den Bergh

Mediavenoot: SARIE

Moontlik gemaak deur First for Men Insurance

"As ek alles in die lewe verkeerd gedoen het, het ek ten minste een ding reg gedoen en dit was om Ma te kies." So lees een van die briewe wat Jaypee ná sy ma se dood in *Die Burger* se doodsberigte plaas.

70 min. R80 Gimsaal
2 April 20:30 3 April 10:00
4 April 19:00 5 April 17:00

Die see

DEBUUT

DRAMA

Afr. Volwasse

Teks: Reza de Wet

Regie: Lindsay Reardon

Met Reza de Wet, Annelisa Weiland en Chiminae Ball

Reza de Wet is vir die eerste keer in twintig jaar weer op die planke te sien. En dié keer in haar eie splinternuwe stuk waarmee die Absa KKNK haar enorme bydrae tot die Suid-Afrikaanse toneelbedryf vier. In die klam kelderkamers van die Kasteel word drie slawe as houvrouens gevange gehou.

75 min. R95
Laerskool Van Reedesaal

2 April 15:00 3 April 09:00
3 April 15:00 4 April 14:00
5 April 13:00

Die sendeling

DRAMA

Afr.

'n Feestruust-koproduksie

Teks: Elsa Joubert, vir die verhoog verwerk deur Saartjie Botha

Met Lida Botha, Zane Meas, Denise Newman en Stian Bam

'n Sendeling sterf en die leefwêreld van die sewentigerjare maak sy begrafnis 'n twispunt. Wie is welkom in wie se kerk en wie word belet?

70 min. R90 SANW-ouditorium
6 April 14:00 7 April 09:00
7 April 20:30 8 April 20:30
9 April 12:30

Die vreemdeling

DRAMA

Afr. OB Gesin

Regie: Mark Fleishman, geassisteer deur Frances Marek

Met Ephram Gordon en Dann-Jaques Mouton

'n Verlate dorp in die middel van nêrens. 'n Gemeenskap wat hulself met 'n heining beskerm. 'n Vreemdeling verskyn en 'n jong meisietjie besluit om die hek oop te maak...

75 min. R80 Griesselsaal
6 April 12:30 7 April 11:00
8 April 19:00 9 April 10:00

Dis koue kos, skat

DEBUUT

Afr. Geen o/14 (T)

Teks: Marita van der Vyver en Alexa Strachan

Regie: Lara Bye

Musiek: Dawid Boverhoff

Met Elzabé Zietsman

Elzabé Zietsman is Clara Brand wie se man haar en hul drie kinders vir haar vriendin gelos het. Kom lag en huil saam oor die vreeslose ontboeseming!

100 min. R100
Laerskool Wesbanksaal
6 April 20:30 7 April 10:00
7 April 18:00 8 April 15:00
9 April 11:00

Drome van jou

VISUELE TEATER

Nieverbaal. Geen o/12

Regie: Rob Murray

Met Liezl de Kock en Dorian Burstein

Met die eerste oogopslag maak Frank en Janet se huwelik die perfekte prentjie, maar onder dié volmaaktheid lê daar 'n dieper waarheid – een van geraamtes in die kas en onderdrukte begeertes. Dinge loop skeef wanneer Frank begin droom.

65 min. R85, R75 (studente, kinders, pensioenarisse)
Suid-Kaap Kollegesaal
2 tot 9 April 18:00

Gif

DEBUUT
TRAGIESE KOMEDIE

Afr. en Eng. Geen o/14 (S) (T)
Teks: Celeste Slabber-Loriston
Regie: Juanita Swanepoel
Met Celeste Slabber-Loriston

Die oggend toe Mathilda Bouwer háár Romeo se hemp met die vreemde goue hare daarop in haar hand vashou, het Juliet by haar kombuisdeur uitgestap. Daardie oggend het sy aan gif begin dink.

60 min. R75 Griesselsaal
2 April 12:30 3 April 19:00
4 April 10:00 5 April 19:00

Groet die grotoupa

KOMEDIE

Afr. Gesin
Teks: Lizz Meiring
Met Ben Kruger

Gedink jy't die laaste gesien van die skreeusnaakse Grot-familie? Dink weer. Die patriarg van die spulletjie het nog nie sy sê gesê nie. Dié uit-die-maag-uit-lag-komedie bied 'n aweregse blik op ouer mense. Moenie dink jou oupa is so sedig soos hy voorkom nie.

80 min. R120
Jamstreet Plaasteater
4 April 17:30 5 April 17:30
6 April 10:00 6 April 17:30
7 April 10:00 7 April 14:00

Hel op Hemel-en-Aarde

DEBUUT
RUIMTELIKE TEATER

Afr. Gesin
Regie: Vicky Davis
Teks: Francois Bloemhof
Musiek: Schalk Joubert
Met Elma Postma, Ivan Botha, Dean Smith, Chanelle Davids, Marli van der Merwe, Gershwin Mias, Alandri Morison, Leslie van Wyk, Alisah Schenck, Jacques Crafford en Jan Fouché

Kom sny 'n reeksmisdadiger se spoor... 'n Uitvloeisel van Stad Kaapstad se nasionale

toneelspelkompetisie vir hoërskoolleerders. 'n Oudtshoorn Oraloor-aanbieding.

55 min. R85
Jamstreet Alpakka-kamp
4 tot 8 April 19:30 en 21:00

Hoedens

FISIEKE TEATER

Afr. en Eng.
Regie: Pieter Bosch Botha
Met Richard Antrobus en Tristan Jacobs

Buddy, 'n mimiekkunstenaar, en Pal, 'n skilder, deel 'n boeiende storie wat so aangrypend is dat woorde oorbodig raak. Die vertoning word aangebied sonder dialoog en maak gebruik van beweging, mimiek, musiek, spesiale effekte en toertjies.

55 min. R85, R75 (studente, kinders, pensioenarisse)
Suid-Kaap Kollegesaal
2 tot 9 April 12:00

holm@iafrica.com

DEBUUT
KOMEDIE

Afr. OB Gesin
Teks: Marion Holm en Chris Vorster
Regie: Chris Vorster
Met Marion Holm

Met die Holm gebore was verlede jaar 'n reuse sukses. Vanjaar takel Marion Holm en Chris Vorster haar agste eenvrouvertoning! Dit sal jou laat lag, laat dink en weer laat lag.

70 min. R90 kykNET Hoërskoolsaal
2 April 20:00 3 April 09:30
4 April 19:00 5 April 15:00
6 April 09:30 7 April 09:30

“Howzit my bra!”

DEBUUT
KOMEDIE

Afr. en Eng. Geen o/12
Regie: Shimmy Isaacs
Met Shimmy Isaacs

Met die skreeusnaakse “Howzit my Bra!” laat Shimmy Isaacs gehore se emosies wipplank ry deur haar sielvolle vertolking van dapper vroue se stryd teen borskanker.

40 min. R75 Griesselsaal
2 April 19:00 3 April 10:00
4 April 15:00 5 April 14:00

Janneman

DRAMA

Afr. Volwasse
Regie: Hennie van Greunen
Met Sandra Prinsloo, Franci Swanepoel en Hannah Borthwick

Drie generasies van dieselfde gesin: Karien voel ná haar man se beroerte so half jeukerig, Lorraine weet dat die 40's veronderstel is om 'n nuwe begin te wees en Ané is na haar laaste partytjie-sessie, maar dis mos waarvoor mens se 20's daar is, of hoe?

95 min. R100 SANW-ouditorium
2 April 20:30 3 April 09:00
4 April 20:30 5 April 12:00
6 April 19:00

Klaasvakie

DEBUUT
DRAMA

Afr. OB Gesin
Teks: Laurens de Vos
Vervaardiger:
Hugo Theart/TEATERteater
Regie en ontwerp:
Marthinus Basson
Met Wilna Snyman, Antoinette Kellermann en Nicole Holm
Aangebied deur TEATER/teater

Die gevierde aktrises, Wilna Snyman en Antoinette Kellermann, is saam te sien as bejaarde vroue in 'n ouetehuis, wat hulle tyd verwyf in bitter en bitsige kompetisie. Maar bowenal probeer hulle die spoke van hul verlede verdryf. Julienne is as jong dogter verkrag en moes as kind 'n kind baar. Die welgestelde Albertine se verbysterende opgang is weer te danke aan haar vader se betrokkenheid by 'n politieke skandaal. Die jong Vlaamse dramaturg, Laurens de Vos ontgin hoe hierdie twee lewens mekaar kruis onder die dreigende aanslag van die verlies aan geheue.

90 min. R95
Laerskool Van Reedesaal
6 April 13:00 7 April 15:30
8 April 18:00 9 April 17:00

Korte mette met die versamelde werke van William Shakespeare

KOMEDIE

Afr. en Eng. OB

Regie: Hugo Theart
Teks: Adam Long, Daniel Singer en Jess Winfield
Vertaling en verwerking: Zandra Bezuidenhout en die geselskap
Vervaardiger:
 Hugo Theart/TEATERteater
Met Waldemar Schultz, Eben Genis en Wessel Pretorius
 Aangebied deur TEATERteater

Drie akteurs! 37 toneelstukke! 154 sonnette!! Twee lang gedigte in nét 99 minute! Na nege suksesjare op Broadway, kan Suid-Afrikaners hulle verlustig aan die oeuve van William Shakespeare... in Afrikaans (wel gedeeltelik)! Geniepsig en genotvol! Dis Wikkelspies soos jy hom nog nooit gesien het nie!

99 min. R90
Laerskool Van Reedesaal
6 April 20:00 7 April 20:00
8 April 14:00 9 April 09:30

London Road

DRAMA

Eng. No u/14 (L)
Director: Lara Bye
With Robyn Scott and Ntombi Makhutshi

Two formidable actresses ignite the stage to tell the story of a remarkable friendship that takes place in London Road in Cape Town. A production that has wowed audiences and critics in Cape Town and Grahamstown.

65 min. R85, R75 (studente, kinders, pensioenarisse)
Suid-Kaap Kollegesaal
2 tot 9 April 16:00

Lot

DEBUUT DRAMA

Veeltalig Geen o/12 (T)
Teks, regie en choreografie:
Nicola Hanekom
Met Stian Bam, Neels van Jaarsveld, Tinerie van Wyk Loots, Bronwyn van Graan, Jacques Theron en Lerato Motshwarakgole

Popsterre, kanaries en tennisliefhebbers slaan remme aan voor 'n hek wat bokveld toe lei. Die span wat die Kanna-bekroonde beste aanbieding van 2010 gewen het, keer terug na Oudtshoorn en bring hierdie aflewering, wat stilisties en tematies as die tweede deel in 'n trilogie beskou kan word. 'n Oudtshoorn Oralloor-aanbieding.

60 min. R95 Tamatiestoor
2 April 18:30 3 April 20:30
4 April 18:30 5 April 20:30

6 April 18:30 8 April 18:30
9 April 18:30

Messe in henne

DEBUUT DRAMA

Afr. (N)
Regie: David Geysen
Met Nadia Amin, Hugo Maerten en Albert Pretorius

Die Nederlandse toneelgroep, De Appel, sorg vir 'n verruimende buitelig-teaterervaring soos min. 'n Jong boer en sy boerin ken geen ander taal as dié van die natuur nie. Op 'n dag moet sy die meulenaar besoek – iets waarvoor sy bitterlik bang is, want die mense sê hy het magiese kragte. 'n Oudtshoorn Oralloor-aanbieding.

90 min. R95
Vredestraat-sportterrein
2 tot 9 April 19:30

...miskien

KOMEDIE-DRAMA

Afr. en Eng. Geen o/16 (S) (T)
Regie: Tara Louise Notcutt
Met Albert Pretorius en Gideon Lombard

Twee beste vriende: rugby, bier, frustrasie, twyfel oor loopbaankeuses – normale ouens, vasgevang op hul eie manier. 'n Dag wat nie veel verskil van gister nie en môre nie veel anders sal lyk nie ... miskien.

60 min. R85, R75 (studente, kinders, pensioenarisse)
Suid-Kaap Kollegesaal
2 tot 9 April 14:00

My naam/name is Ellen Pakkies

DEBUUT DRAMA

Afr. en Eng. Geen o/16 (T) (G) (S)
Teks en regie: Lizz Meiring
Met Vinette Ebrahim en Christo Davids

Die aangrypende, ontroerende en soms skokkende verhaal van 'n Kaapse vrou wie se lewe internasionaal opslae gemaak het en nou nog wêreldwyd resoneer. Dis die storie van 'n ma wie se magtelose liefde vir haar tikverslaafde kind haar tot moord gedryf het. Die storie van 'n ouer, stomgeslaan deur ongenaakbare trauma, maar bowenal 'n viering van oorlewing, vergifnis en hoop.

75 min. R95
Laerskool van Reedesaal
4 April 09:00 4 April 20:00
5 April 09:00 6 April 09:00
7 April 09:00 8 April 09:00

PALOEKAS - Dagboek van 'n Single Girl

DEBUUT KOMEDIE

Afr. Geen o/10 (T)
Teks en regie: Leon Kruger
Met Lulu Botha

Tilla is 32 jaar oud. Suksesvol, vriendelik, aantreklik, onafhanklik en steeds ongetroud. Die klok tik, maar al wat aan haar voordeur klop, is die een paloeke na die ander.

65 min. R85 kykNET Hoërskoolsaal
2 April 10:00 3 April 20:30
4 April 12:00 5 April 18:30
6 April 18:00 7 April 20:30

Proesstraat

IMPROVISASIE-KOMEDIE

Afr. OB Geen o/10 (T)
Regie: Harald Richter
Met Waldemar Schultz, Wikus du Toit, Pierre Breytenbach, Melt Sieberhagen, Martelize Kolver, Esther von Waltsleben en ander bekende gaste
Moontlik gemaak deur kykNET

Kom kyk hoe die talentvolle akteurs van *Proesstraat* op hul voete dink (of oor hulle val), sweet en die kluts heeltemal kwytraak. Elke vertoning is 'n unieke ervaring.

45 min. R95 kykNET Hoërskoolsaal
2 April 15:00 3 April 16:30
4 April 16:00 5 April 12:30
6 April 12:30 7 April 15:00

Rooi kaart

KOMEDIE

Afr. Geen o/10
Teks: Dana Snyman
Regie: Gys de Villiers
Met: Frank Opperman

Wally Koekemoer, die president van 'n plaaslike rugbyklub, het 'n paar geraamtes in die kas. Die skreeusnaakse teks laat jou met 'n glimlag uit die teater stap!

60 min. R95 kykNET Hoërskoolsaal
5 April 20:30 6 April 20:30
7 April 12:30 8 April 12:30
8 April 20:30 9 April 16:00

Rumpsteak

KOMEDIE

Veeltalig

Regie: Rob van Vuuren

Met Gaëtan Schmid

Hierdie produksie bied 'n kykie op die dolle gejaag in die kombuis van 'n Franse restaurant. Gaëtan Schmid lewer 'n ongewone en meesterlike vertoning. Hy beweeg nie 'n sentimeter weg van sy 1 m²-verhoog nie, terwyl hy ook die 13 karakters speel teen die agtergrond van minstens 800 klankeffekte!

55 min. R85, R75 (studente, kinders, pensioenarisse)
Suid-Kaap Kollegesaal
2 tot 9 April 10:00

Spyt

Bekroon met die AngloGold Fyngoud-prys vir beste produksie by Aardklop 2010

DRAMA

Afr. Volwasse Geen o/16 (T) (S)

Teks: Ingrid Winterbach

Regie: Brink Scholtz

Met Stian Bam, Waldemar Schultz, Nicole Holm, Leanna Dreyer, Sjaka Septembar, Vicky Davis, Phumeza Rashe, Lulu Botha en Shaun Acker

'n Verhoudingsdrama met 'n verskil: tragi-komiese opset, donker humor, eiesoortige dialoog. Nie vir fyngvoeliges of preutses nie.

90 min. R95 SANW-ouditorium
3 April 14:00 4 April 09:00
5 April 16:00 7 April 12:30
8 April 09:00

WEES

DEBUUT

AARDKLOP-KOPRODUKSIE

DRAMA

Afr. en Eng. Geen o/16 (T) (G) (V)

Teks: Dennis Kelly

Vertaling en regie:

Hennie van Greunen

Met Nicola Hanekom, André

Weideman en Gustav Gerdener

Danie en Heleen sit aan vir ete. Wanneer hulle opkyk, sien hulle vir Liam. Sy hemp is deurtrek van bloed. En so begin hierdie Afrikaanse Hitchcock-riller. Onder die ervare hand van Hennie van Greunen word 'n opspraakwekkende internasionale teks ver-Afrikaans. 'n Hoogtepunt in die plaaslike teaterbedryf wat nog lank onthou sal word.

125 min. R95

SANW-ouditorium

6 April 09:00 7 April 16:00

8 April 15:00 9 April 09:00

9 April 18:00

MUSIEK KONTEMPORÊR

Afri-Spaans

DEBUUT

WÊRELD

Afr. Gesin

Musiekregie: Matthys Maree

Regie: Sandra Prinsloo

Met Marta Gomez, Steve Hofmeyr, Anna Davel, CH2, Juan Oosthuizen en David Klassen

Moontlik gemaak deur SARIE

Marta Gomez bring haar Spaanse heuningstem na Suid-Afrika. Smeulende Latino-ritmes vervleg met bekende Afrikaanse liedjies bring die bloedrooi hart van Spanje na die Klein Karoo. Soos met *Afri-Frans* sal dié produksie jou meevoer. Kom beleef dit eerstehands.

75 min. R150 Absa Burgersentrum
5 April 20:30 6 April 09:30
7 April 12:30 8 April 16:00
9 April 10:00

Blondes on a G-string

Afr. Gesin

Vervaardiger: Blondes Music

Met Zorada Temmingh, Elna van der Merwe en David Klassen

Die Blondes se nuwe tweeklavier-produksie bring weer bekende treffers in vier keurspele byeen. Van Grieg se bekende Klavierconcerto, dele uit die Peer Guint-suite en die Holberg-suite tot Simon en Garfunkel en treffers uit die musiekblyspel, Grease. Kom luisters hoe sing en spring die klaviere!

60 min. R90 Gimsaal
7 April 20:30 8 April 10:00
9 April 12:30

Boegoe vannie liefde

WOORD-EN-MUSIEKPRODUKSIE

Afr. Gesin

Regisseur: Adri Breed

Met Natie Klopper, Jako Meyer, Netanja Brink, Cindy Moolman,

Bosman Puren, Rineke Viljoen, André Klopper, Pierre-Louis le Grange en Franco Prinsloo

Hans du Plessis en Lize Beekman het saam gewerk om nuwe lewe aan die bekende bundel Griekwa-gedigte *Boegoe vannie liefde* te gee, en vertel die verhaal van die twee geliefdes in Hoogland.

60 min. R75
Oudtshoorn Courant Noordsaal
2 April 15:00 3 April 20:30
4 April 12:30 5 April 15:00

Boeretrees

DEBUUT

JAZZ

Afr. Gesin

Met o.a. Melissa van der Spuy, Kevin Gibson, Juan Oosthuizen, Shaun Johannes, Leanna Dreyer en Lise Swart

Kom luister na jou gunsteling-Afrikaanse treffers, met net een verskil, dis fabulasties opgejazz! Van *Kaptein tot Baby Tjoklits* sal jy skree *Hokaai, stop die lorrie!* want jy het Afrikaanse musiek nog nooit so gehoor nie!

65 min. R90 Club Al Capone
2 April 20:30 3 April 20:30
4 April 20:30

Brooklyn Babalaas

FOLKROCK

Afr. Volwasse Geen o/14 (T)

Musiek en regie: Koos Kombuis en Jak de Priester

Met Koos Kombuis, Jak de Priester, Danny Smoke en Lucas Heinen

Met 'n vennootskap tussen Koos en Jak is dit nie net ervaring en jeug wat ontmoet nie, maar iets méér: Dis 'n vriendskap wat die toets van tyd kan deurmaak.

70 min. R90
Laerskool Wesbanksaal
2 April 14:00 3 April 15:00
4 April 20:30 5 April 17:00
5 April 20:30

Chris Chameleon - Noot vir Brood

Afr. en Eng. Gesin

Musiekregie en regie:

Chris Chameleon

Met Chris Chameleon, Johnné van Huyssteen en Riaan van Rensburg

Chameleon verduidelik op skerpsinnige wyse die pad na sukses in die Afrikaanse musiekbedryf. Hy steek die draak met konvensies, maar skep ook stof tot nadenke oor Afrikaanse musiek.

80 min. R95 Absa Burgersentrum
6 April 12:30 6 April 20:00
7 April 09:30 8 April 12:30
9 April 18:00

Fop jou hier, dos jou daar!

DEBUUT
KABARET

Afr. en Eng.

Volwasse Geen o/18 (T) (V)

Regie: Clive Allardyce

Vervaardigers: Mince

Met Keiron Legacy en Lilly Slaptsilly

Die gewilde fopdossers van Kaapstad keer terug met 'n Afrikaanse aanslag in hul program. Die twee kunstenaars tree al meer as 15 jaar saam op.

45 min. R100
Jamstreet Plaasteater
6 April 22:00 7 April 22:00
8 April 22:00

Kaapse Tango

Afr. en Eng. Gesin
Met Stanislav Angelov, Albert Combrink en Charles Lazar

Die tango kom uit Buenos Aires; jazz uit New Orleans. Dié wêreld bring die Kaapse Tango na die Karoo. Sit terug en verlustig jou in die kaleidoskoop van klanke: tango, Kaapse jazz tot vele ander Latino-invloede.

90 min. R85
Oudtshoorn Courant Noordsaal
4 April 20:30 5 April 10:00
6 April 09:30 7 April 12:30

Kramer se Karoo

DEBUUT
FOLK

Afr. Gesin

Vervaardiger en regie:

David Kramer

Met David Kramer, die Sonskyn Sisters, Hannes Coetzee en plaaslike rieldansers

Met die Swartberge in die verte sing David Kramer en sy orkes van sy mooiste Karooliedjies terwyl die maan opkom. 'n Onvergeetlike aand onder die sterre. 'n Oudtshoorn Oraloor-aanbieding.

75 min. R110 Jamstreet Amfi
7 April 18:00 8 April 18:00
9 April 18:00

Laatnag Jam!

KONTEMPORÊR

Afr. Volwasse

Musiekregie: Melissa van der Spuy

Vervaardiger en regie:

Carien Loubser

Kom luister hoe Suid-Afrika se top-musikante saam jam. Kom skuur skouers met legendes, beroendes en berugtes by die fees se laatnag-kuierplek.

R50 Club Al Capone
2 tot 8 April 22:30

Lize Beekman - Ek was al daar

FOLK

Afr. Gesin

Met Lize Beekman

Met haar eerste DVD-voorstelling *Ek was al daar* bring Lize Beekman van haar liedjies – oud en nuut – saamgestel uit haar loopbaan van 14 jaar.

70 min. R100
Oudtshoorn Courant Noordsaal
2 April 20:30 3 April 15:00
4 April 15:00

Malaika/ My Engel

DEBUUT
CROSSOVER

Afr. en Eng. Gesin

Vervaardigers: Carien Loubser en

Karen Zoid

Met Louis Mhlanga, Nick Turner en Karen Zoid

'n Musieklegende, 'n *rock chick* en die voorsanger van 'n groep wat hul stempel in New York afgedruk het, sorg vir 'n ongeëwenaarde samekoms van drie generasies, drie musiekstyle, drie kulture en drie tale.

120 min. R110
Laerskool Wesbanksaal
2 April 19:00 3 April 11:00
4 April 16:00 5 April 14:00

[Projek: Nuwe maan]

DEBUUT

Afr. Gesin

Met Laurinda Hofmeyer, Les Javan, Riku Lähti, David Klassen en ander

Drie van Suid-Afrika se mees vernuwendende kunstenaars kom byeen vir 'n multi-dimensionele musiekgebeurtenis. Die gehoor word genooi om deel van die vertoning te word deur regstreeks kommentaar te lewer via sosiale netwerke soos Twitter en Facebook.

80 min. R100 Club Al Capone
5 April 20:30 6 April 20:30
7 April 20:30 8 April 20:30

Smokie

ROCK

Eng. Gesin

Met Martin Bullard, Mick McConnell, Steve Pinnell, Terry Uttley en Mike Craft

Smokie wys ná verskeie suksesvolle albums opnuut hul slag as liedjieskrywers op hul nuwe album *Take a Minute* wat in Februarie 2011 internasionaal uitgereik word. Kom ervaar treffers soos *Needles and Pins*, *Mexican Girl*, *For a Few Dollars More* en *Living Next Door to Alice*.

90 min. R450/R350/R250/R100
Jamstreet Amfi
3 April 20:00

Ster in die Donker

Afr. Gesin Geen o/10

Regie: Stef Bos

Met Ster (Sigrun) Paschke

Ster is sonder oë gebore. Die konsep van donkerkonserte het ontstaan uit die idee om die gehoor te laat ervaar in dieselfde wêreld waarin dit geskep is. Haar oorspronklike komposisies word aangevul deur poësie van Stef Bos.

60 min. R85 Die Neelsie Teater
6 April 20:00 7 April 10:00
8 April 18:00 9 April 14:00

Thomas Channell - Berlyn, New York, Stellenbosch

Veeltalig Volwasse Geen o/12 (T)
Met Thomas Channell en Schalk Joubert

Songs en stories uit Kreuzberg, Harlem en Queens, vir ses jaar geslyp en *gepolish* in die musieklubs van New York en Berlyn. Channell se musiek herinner aan Elton John uit die 70's, maar met meer kampvuur op die klawers.

70 min. R80 Die Neelsie Teater
2 April 18:00 3 April 15:00
4 April 10:00 5 April 15:00
6 April 12:30

Two Voices

WORLD MUSIC

Afr. en Eng.

Met Wouter Kellerman en Phresh Makhene

'n Buitengewone geleentheid vir gehore om die opwindende klanke en invloede in Wouter Kellerman se fluitspel te ondervind, ondersteun deur 'n groep wonderlike kunstenaars op kitaar, bas, perkussie en die kleurvolle stem van Phresh Makhene.

60 min. R80 Die Neelsie Teater
2 April 12:30 3 April 18:00
4 April 15:00 5 April 20:00

HUISGENOOT MUSIEKPLAAS: AANDPROGRAM

Afskop! Treffer na treffer

'n Lekkerder begin vir die Absa KKNK kan jy nie kry nie. Met onder andere Kurt Darren, Nicholis Louw, Snotkop, Ray Dylan, Sarah Theron, Wicus van der Merwe, Elizma Theron, Heinz Winckler en Romanz.

Saterdag, 2 April 19:30
R100 R60 (kinders o/12)

Huisgenoot-pops

Die Electronic Pops Orchestra met kunstenaars soos Jannie Moolman,

Nianell, Anna Davel, James Bengi, Romanz en Rudi & Corlea.

Sondag, 3 April 19:30
R100 R60 (kinders o/12)

Jukebox – Kurt & vriende

Met Kurt Darren as seremoniemeester. Jay, Snotkop, Kevin Leo, Willem Botha, moniQue, Charlize Berg en Arno Jordaan.

Maandag, 4 April 19:30
R80 R50 (kinders o/12)

Balke toe

Met Leo & Maroela Musiek-kunstenaars soos Gerrie Pretorius, DJ Ossewa, Zak van Niekerk, Cheree, Wynand Strydom, Tanya van Graan, Vaatjie, Danie Niehaus, Bobby Angel en Rian Ungerer.

Dinsdag, 5 April 19:30
R80 R50 (kinders o/12)

Huisgenoot- Country-duette

Met Wicus van der Merwe as seremoniemeester en die country-sangers Lance James, Fredi Nest, Dennis East, Ray Dylan, Clive Bruce, Nicholis Louw, Allan Garrity, Manie Jackson, Barbara Ray, Elizma Theron, Min Shaw en David Fourie.

Woensdag, 6 April 19:30
R80 R50 (kinders o/12)

Liedjies uit Afrikaanse fliëks

Kuier saam met Wicus van der Merwe, Bobby van Jaarsveld, Sonja Herholdt, Willem Botha, Kevin Leo, Anna Davel, Kurt Darren, Nicholis Louw, Karen Zoid, Ray Dylan, Jakkie Louw, Romanz, Snotkop en Elizma Theron.

Donderdag, 7 April 19:30
R80 R50 (kinders o/12)

Platinum-treffers

Met Sorina – die Flooze as seremoniemeester. Kom luister na al jou gunsteling-treffers met Bobby van Jaarsveld, Nicholis Louw, Ray Dylan, Kurt Darren, Robbie Wessels en

Heinz Winckler.

Vrydag, 8 April 19:30
R80 R50 (kinders o/12)

Beste Partytjiemusiek

Kuier vir oulaas saam! Met Sorina – die Flooze, Dewald Louw, Karen Ferreira, Kobus Muller, Mean Mr Mustard, Christo & Cobus, Ray Dylan, Emo Adams en Die Campbells.

Saterdag, 9 April 19:30
R80 R50 (kinders o/12)

MUSIEK: KLASSIEK

Beethoven Op. 18 Strykkwartet- reeks

DEBUUT

INSTRUMENTAAL – ENSEMBLE
Geen o/12

Met Zanta Hofmeyr (viool), Daline Wilson (viool), Morkel Combrink (viola) en Wessel Beukes (tjello)

'n Uitsonderlike geleentheid om die genialiteit van Beethoven te ervaar. Die reeks van ses Opus 18-kwartette word met trots deur die Goldberg Kwartet aangebied.

60 min. R80 St Salvator Katedraal
5 April 15:00 7 April 19:00
9 April 10:00

Ben Schoeman speel/plays Franz Liszt

DEBUUT

INSTRUMENTAAL – KLAVIER

Met sy uitvoerings by die Absa KKNK sluit Schoeman aan by die tweehonderdjarige verjaarsdagviering van die komponis Franz Liszt. Met 'n gevarieerde program bring die pianis hulde aan verskeie fasette van die Hongaarse meester se virtuositeit en poëतिक. 'n Besliste hoogtepunt vir die klassieke fynproewer.

90 min. R80 NGK Parkgebou
5 April 17:00 6 April 10:00

Die Buitestaanders

DEBUUT
SANG – ENSEMBLE

Regie: Magdalene Minnaar en Mareli Stolp

Musiek: Braam du Toit, Mattijs van Dijk en Neo Muyanga

Met Mareli Stolp en Magdalene Minnaar

Mareli Stolp en Magdalene Minnaar wil as 't ware buitestaanders van "klassieke musiek" 'n nuwe rigting inslaan waar vrye teuels gegee word aan die kunstenaars.

50 min R80 Die Neelsie Teater
5 April 18:00 6 April 10:00
7 April 19:00 8 April 12:30

Duelling Guitars

DEBUUT
INSTRUMENTAAL

Met James Grace and Jonathan Crossley

'n Diverse program van klassieke kitaarmusiek soos Tarrega se *Recuerdos de la Alhambra* en Barrios se *La Catedral*, rolprentmusiek van onder andere *The Deer Hunter* asook Crossley se eie verwerkings van Suid-Afrikaanse juwele soos Abdullah Ibrahim se *Mannenbergh*, word aangebied.

60 min. R80 St Salvator Katedraal
5 April 19:00 6 April 10:00
7 April 16:00 8 April 19:00
9 April 14:00

Karoo Katedraal

DEBUUT
CROSSOVER

Afr. Gesin

Met Ockie Vermeulen (orrel), Christa Steyn (klavier), Christi-Louise Swanepoel (bas), Deo du Plessis (perkussie) en Braam de Villiers (saksofoon)

Mozart beskryf die orrel as die "koning van die instrumente". Die bekende orrelis, Ockie Vermeulen, ondersoek die veelsydigheid van hierdie manjifieke instrument in 'n verskeidenheid musiekstyle wat o.a. klassiek, jazz, kontemporêr en selfs rock insluit.

60 min. R80 NGK Parkgebou
5 April 10:00 6 April 14:00
7 April 10:00 8 April 11:00

Mozart Divertimento in E-mol K.563

INSTRUMENTAAL – ENSEMBLE

Met Zanta Hofmeyr (viool), Morkel Combrink (viola) en Wessel Beukes (tjello)

Mozart se Divertimento in E-mol K. 563 is enig in sy soort. Alfred Einstein skryf: "Every note is significant ... a contribution to spiritual and sensuous fulfilment in sound ... one of Mozart's noblest works."

45 min. R80 St Salvator Katedraal
6 April 19:00 7 April 10:00
8 April 10:00

Prente by 'n uitstalling

Afr. en Eng.

Teks: Philip de Vos

Met Philip de Vos (gedigte) en Tertia Visser-Downie (klavier)

